# ALLE RISIKO'S

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word wat die eiendom van die Versekerde is of waarvoor die Versekerde verantwoordelik is, deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie, terwyl

1. Enige plek in die wêreld (indien so in die bylae teenoor "Gedefinieerde ligging" aangedui) of;
2. Gehou in enige gebou (indien so in die bylae teenoor "Gedefinieerde ligging" aangedui) of;
3. In 'n spesifieke gebou by 'n spesifieke perseel (indien so in die bylae teenoor "Gedefinieerde ligging" aangedui).

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies van of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur:

   1.1 diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer is van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in 'n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word en betreding of verlating tot sodanige gesluite voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan, met dien verstande dat

   1.1.1 indien die Versekerde deur middel van video-waarnemingsmateriaal (of enige ander afdoende bewys) kan aantoon dat 'n poging aangewend is om die voertuig te sluit, sal sodanige bewys geag word om aan die vereiste vir 'n gesluite voertuig en kragdadige en gewelddadige toegang of verlating vir enige verlies vanuit 'n voertuig, te voldoen;

   1.1.2 hierdie uitsluiting nie van toepassing sal wees nie indien die voertuig in 'n ongeluk of ander voorval betrokke was waar die eiendom weens omstandighede buite die beheer van die bestuurder en passasiers onbewaak gelaat moes word en dit nie beveilig kon word soos vereis nie;

   Spesifieke uitsluiting 1.1 kan op versoek deur die Maatskappy kwytgeskeld word ten opsigte van spesifieke versekerde artikels onderhewig daaraan dat die eerste bedrag betaalbaar van sodanige artikels soos in die bylae aangedui, verdubbel word. Hierdie kwytskelding sal in die bylae per versekerde artikel soos volg aangeteken word:

   Indien "Diefstal (nie-kragdadige toegang tot 'n onbewaakte voertuig)" as "ingesluit" aangedui word, dan word spesifieke uitsluiting 1.1 kwytgeskeld met betrekking tot die spesifieke artikel, maar indien "Diefstal (nie-kragdadige toegang tot 'n onbewaakte voertuig)" as "nie ingesluit nie" aangedui word, dan bly spesifieke uitsluiting 1.1 van toepassing op die spesifieke item;

   1.2 die proses van skoonmaak, herstel, kleuring, bleiking, verandering of opknapping wat die eiendom ondergaan;

   1.3 inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes;

   1.4 die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde, hetsy hy/sy alleen optree of met ander saamspan;

   1.5 detensie, konfiskering of beslaglegging deur doeane of ander amptenare of owerhede, maar hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie op skade wat ontdek is by die terugkry van die eiendom van die Versekerde indien die Versekerde bewyse tot die bevrediging van die Maatskappy kan verskaf dat sodanige detensie, konfiskering of beslaglegging ongegrond was en dat daar geen oortreding plaasgevind het nie;

2. slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats- of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

3. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring, tensy dit volg op ’n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

4. verlies van of skade aan kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard;

5. verlies van of skade aan goedere wat kragtens ’n vragbrief versend word;

6. die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae met betrekking tot iedere en elke gebeurtenis behalwe ‘n verlies as gevolg van brand, weerlig of ontploffing.

7. verlies van of skade as gevolg van of veroorsaak deur diefstal van klerasie vanaf enige wasgoedlyn op die perseel van die Versekerde;

8. verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;

9. verlies van edel- of halfedelgesteentes

   9.1 weens foutiewe monterings en/of weens kloutjies en/of enige ander monture wat nie behoorlik funksioneer nie;

   9.2 veroorsaak deur die agteruitgang of normale slytasie van kloutjies en/of ander monture;

10. skade aan glas, glasware of ander bros artikels (behalwe juweliersware, kameras en vaste glas wat deel uitmaak van televisieontvangers) weens krake, skrape of brekasie tensy veroorsaak deur diefstal (of enige poging daartoe) of brand;

11. verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak is in enige waarborg of dienskontrak of in enige koop-, bruikhuur-, huurkoop- of finansieringsooreenkoms of enige ander ooreenkoms van watter aard ook al rakende die versekerde eiendom of enige deel daarvan;

12. gevolglike of indirekte verlies of skade van enige soort of beskrywing ook al;

13. verlies van of skade aan die volgende eiendom:

   13.1 enige eiendom, ongeag of dit verwerk word of nie, wat verkry is of verkry word met die uitsluitlike doel om sodanige eiendom later in ’n handelstransaksie van die hand te sit.

   13.2 manuskripte, sekuriteite, seldsame boeke, medaljes en muntstukke van enige soort (met insluiting van onder meer muntversamelings).

   13.3 voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer selfaangedrewe tuinmaakwerktuie wat normaalweg deur ’n bestuurder beheer word, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe/ondersteun is nie) en enige deel (met insluiting van onder meer enige noodwiel, gereedskap, onderdeel en toebehore) van sodanige voertuie terwyl dit in of op of aan sodanige voertuie is.

   13.4 vaartuie of watervaartuie van enige soort (met insluiting van onder meer kano’s) en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel, toebehore en buiteboordmotor) daarvan.

   13.5 lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel en toebehore) daarvan.

   13.6 diere.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Eweredigheidsvoorwaarde

Indien die totale waarde van versekerde eiendom, wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie (in die bylae teenoor “Gespesifiseerd” sal dit vermeld word as “Nee” om sodanige eiendom aan te dui), by die plaasvind van enige verlies of skade aan sodanige eiendom meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy ’n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## 2. Pare of stelle

Indien die versekerde eiendom uit 'n paar of stel artikels bestaan, sal die Maatskappy hoogstens aanspreeklik wees vir die proporsionele waarde in verhouding tot die totale waarde van die paar of stel.

## 3. Herstelwaardevoorwaarde (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word, is óf

3.1 die vervanging van die eiendom met soortgelyke eiendom gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die nuwe toestand daarvan

óf

2.2 die herstel van die eiendom na 'n toestand wat wesenlik dieselfde, maar nie beter nie, is as die nuwe toestand daarvan.

Met dien verstande dat indien, ten tye van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die versekerde eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van die verlies of skade, die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Wegdoen met wrakgoedere (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy stem in om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis is, te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, sonder om die Versekerde die keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ook al die meeste is, maar hierdie klousule gee nie aan die Versekerde die reg om eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie.

## Brandbluskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Bykomend tot enige bedrag betaal na aanleiding van die versekerde gebeurtenis sal die Maatskappy betaal vir enige koste aangegaan waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is in die blus of bestryding van brand indien die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## Verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot uitgawes wat nie andersins ingevolge hierdie afdeling verhaalbaar is nie en wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word weens verlies van of skade aan eiendom waarvoor betaling gedoen of aanspreeklikheid gevolglik ingevolge hierdie afdeling erken is, met die doel om die gewone werkverrigtinge van die besigheid in stand te hou.

## Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (1) hierbo verwys word.

Vir interne makelaargebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

3. verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge